

# **GRAAD 1 – 3 ALLEENLIK MOET VOLTOOI**

## **SIFTINGSPROGRAM 2022**

### **TOESTEMMING OM SIFTINGSTOETSE TE ONDERGAAN**

(U rekening sal met die bedrag per toets, wat u kind ondergaan, gedebiteer word.)

- 1. Visuele toets ('n Nominale fooi van R25)**
- 2. Gehoortoets (Volgens Mediese Fonds tariewe)**

Naam van Ouer(s) / Voog: .....

Naam van Kind: .....

Het u kind voorheen 'n visuele toets ondergaan? .....

Indien wel, waar en wanneer is u kind geëvalueer? .....

Is u kind se gehoorvermoëns voorheen geëvalueer? .....

Indien wel, wanneer en deur wie? .....

Het u kind voorheen spraakterapie ontvang? .....

Indien wel, deur wie? .....

Wat is u kind se spraakprobleem? .....

Ontvang u kind tans spraakterapie? .....

Ek, ..... , gee toestemming dat my kind, ..... ,  
die bovenoemde siftingstoetse ondergaan.

Geteken: .....

Datum: .....2021

## **GEHOOR TOETS**

Geagte Ouers

### **GEHOOR SIFTINGSTOETS**

#### **Wat behels die Gehoor siftingstoets?**

Die toets duur ongeveer 10 minute. Daar word van 'n draagbare oudiometer met oorfone, gebruik gemaak. Elke kind word individueel getoets. Die kind moet aandui of hy/sy die reeks klanke hoor. Die toets word in 'n baie stil kamer uitgevoer, dit is egter nie 'n klankdigte omgewing nie.

Indien u kind goed in die gehoor siftingstoets vaar, sal u 'n brief met die betrokke resultate ontvang. Geen verdere behandeling sal nodig wees nie.

#### **Wat gebeur indien u kind swak presteer in die siftingstoets?**

Indien u kind nie goed in die gehoor siftings toets vaar nie, sal u skriftelik asook per epos in kennis gestel word. Verdere toetsing, in 'n klankdigte kamer, sal dan aanbeveel word.

Vriendelike groete

Helen Kempton-Jones

Spraak, Taal en Gehoorterapeut

---

## **VISUELE TOETS**

Geagte Ouers

### **VISUELE SIFTINGSTOETS**

U kind en sy/haar vordering is vir ons van groot belang. Leerders onderpresteer dikwels as gevolg van leemtes in visuele vaardighede. Al die Graad 1 leerders gaan 'n visuele/gesigsskerpte-siftingstoets ondergaan. Hierdie toetse word deur 'n gespesialiseerde oogkundige van Kenridge Oogkundiges gedoen. Dit word aanbeveel dat u kind jaarliks 'n oogsiftingstoets ondergaan.

Die volgende aspekte sal aandag geniet:

- \* Visie in een of beide oë
- \* Beheer oor oogbewegings
- \* Konvergensie probleme
- \* Diepte persepsie
- \* Rooi/Groen kleurafwyking

Indien enige probleme geïdentifiseer word, sal u 'n verslag ontvang en aanbevelings sal gedoen word. Kenridge Oogkundiges lewer hierdie diens teen 'n nominale fooi van R25 aan ons skool.

Ons maak staat op u samewerking in die belang van u kind.

Vriendelike groete

S. R. Smith (Mev.)

Skoolhoof

K. E. Grace (Mev.)

Hoof: Grondslagfase